Oordenking
13 Julie 2009

Die stryd behoort aan die Here...

Israel en die Filistyne was weer in oorlog gewikkel. Hulle het op heuwels weerskante van ‘n vallei gewag. Die een wat eerste aanval, het gevaar geloop om oorval en oorrompel te word. Nie een van die twee leërs kon dit waag om eerste aan te val nie.

Goliat bied ’n oplossing aan. Trots daag hy enige een in Israel uit tot ’n geveg. Dié geveg sou bepaal wie die slag en die oorlog wen.

Die belangrikste detail wat die Bybel oor Goliat gee, is nie hoe groot hy was en hoe gevaarlik sy wapens was nie, maar dat hy God uitgedaag het. Hy het die Here met minagting behandel en Hom verkleineer. (1 Sam 17:26). Hy het met die God van Israel gespot.

God het Dawid gekies om sy dienskneg te wees. Daarom is die krag, die eer en die heerlikheid van God in Dawid se optrede teenwoordig. Die man wat Goliat se uitdagings aanvaar, is God se uitverkore instrument om die vyand wat Hom beledig het, te oorwin.

David staan op teen die reus, omdat die Here met hom is. Beide oorwinning en neerlaag is in die hande van die Here. Dis nie Dawid of sy verspotte wapen – ’n slinger en ’n klippie – wat die verskil sou maak nie. Dit was God wat Goliat sou oorwin. Dis God self wat die verskil maak.

Die Filistyne, Israel en ons moet dit uit Dawid se oorwinning leer: die Naam van die Here is genoeg om die sterkste vyand te oorwin. Die stryd behoort aan die Here (1 Sam 17: 47) en Hy gee die vyand in ons hande, hoe ontoereikend ons verdediging ook al mag wees.

Om ons van elke vyand te red, is God se uitverkore instrument ons Here, Jesus Christus, sy ewige Seun. God oorwin steeds die vyand sonder swaard of spies. Hy gebruik steeds wat die wêreld as totaal ontoereikend beskou – ’n kruis, ’n graf en ’n opstanding uit die dood.

God gebruik wat swak voorkom, om die wat dink dat hulle sterk is, te beskaam. Hy gebruik sy Seun, wat sterf aan ’n kruis, en opstaan uit die dood, om die magte van die duisternis te oorwin.
Soos altyd, behoort die stryd aan die Here.
Soos altyd, is dit nie ons wapens of vermoë wat die verskil maak nie, maar dis God self.
Want die stryd behoort aan die HERE - en netso behoort die oorwinning ook aan Hom.

Wees geseënd as die Here, deur sy almagtige Christus, vandag ook deur jou die vyand oorwin.